SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION

NASIONALE KANTOOR
NATIONAL OFFICE

t: 012 436 0900 / e: saou@saou.co.za / w: www.saou.co.za

Nasionale Nuusbrief / National Newsletter 43/2018

15/11/2018

VERDERE TERUGVOERING AAN LEDE MBT DIE VERSLAG VAN REGTER HARTZENBERG

In die lig van wye blootstelling van die verslag en navrae van lede en die media insake die verdere hantering van die verslag, word dit as gerade geag om verdere terugvoering aan lede te verleen.

1. **Daar was lede wat aangedui het dat hulle nie die verslag op die webwerf kan vind nie. Waar op die webwerf is dit?**
   Die verslag was reeds Vrydag, 9 November 2018 op die webwerf en kan op een van die volgende wyse gevind word:
   - Gaan na www.saou.co.za, kliek op *Nasionaal*, kliek op *Nasionale nuusbriewe.*
   - Dit is ook op die roterende banier op die eerste bladsy van die webwerf onder die opskrif, *Komende Gebeure*, wag vir die opskrif, *Verslag van Regter WJ Hartzenberg.*
   - Kliek hier vir die verslag.

2. **Is die volle verslag op die webwerf?**
   Ja, die SAOU het van meet af aan aangedui dat die verslag onveranderd, dws ingeslote al die leemtes aan lede geopenbaar sal word. Alhoewel die verslag oorweldigend positief was, is daar tog aspekte uitgewys wat aandag moet geniet. Die uitgewysde "leemtes" word hieronder aangespreek.

3. **Het die regter en die forensiese ouditeur enige onreëlmatige of bedrieglike wanpraktyke ten opsigte van die SAOU uitgewys?**
   Nee, inteendeel daar is geen sodanige bevinding by enige van die entiteite in die Groep gemaak nie. Daar is onder andere die volgende ten opsigte van die SAOU bevind:

FURTHER FEEDBACK TO MEMBERS IN REGARD TO JUDGE HARTZENBERG'S REPORT

In view of the wide exposure of the report and inquiries from members and the media regarding further processing of the report, it is considered appropriate to provide further feedback to members.

1. **There were members who indicated that they could not find the report on the website. Where on the website is it?**
   The report was already on the website on Friday, 9 November 2018 and can be found in one of the following ways:
   - Go to www.saou.co.za, click on *National*, click on *National Newsletters.*
   - It is also on the rotating banner on the Home Page of the website under the heading, Coming Events, wait for the heading, *Report of Judge WJ Hartzenberg.*
   - Click here for the report.

2. **Is the full report on the site?**
   Yes, the SAOU indicated from the outset that the report would be unchanged, and the findings disclosed in full to members. Although the report was overwhelmingly positive, some aspects have yet to be given attention. The identified shortcomings are addressed below.

3. **Did the judge and the forensic auditor point out any irregular or fraudulent malpractices in respect of the SAOU?**
   No, on the contrary, no such findings were made at any of the entities in the Group. The following, amongst others, were found in respect of the SAOU:

- Dat alle ouditverslae tot op hede ongekwalifiseerd was (p67, Hoofverslag).
- Dat ‘n uitgebreide spyskaart van dienste aan SAOU-lede gelewer word (p11, p20 en 68, Hoofverslag).
- Alle statutêre voorskrifte in terme van die Wet op Arbeidverhoudinge word nagekom (p40, Hoofverslag).
- Dat oudits voldoen het aan die voorskrifte van “IFRS for SMEs” en daar is streng korporatiewe dissipline - meer as wat die Wet op Arbeidsverhoudinge of die Konstitusie van die SAOU vereis (p7 en p8, Forensiese verslag).
- Die beginsels van die King-verslag insake korporatiewe beheer en bestuur word toegepas (p18, Hoofverslag).
- Deeglike begrotingsprosesse word gevolg (p50, Hoofverslag).
- Alle belastingverpligtinge teenoor die SAID word nagekom (p52, Hoofverslag).
- Die huur wat betaal word, is markverwant en billik (p49 en 67, Hoofverslag en p5, Forensiese verslag).
- Dat daar voldoende kontroles en finansiële dissipline in die SAOU bestaan (p67, Hoofverslag en p4, Forensiese verslag).
- Verkose lede is demokraties verkies (p68, Hoofverslag).
- Dat geen valse en/of bedrieglike transaksies of misbruik van fondse plaasgevind het nie (p4, Forensiese verslag).
- Dat alle transaksies (inkomstes en uitgawes) korrek te boek gestel was (p9, Forensiese verslag).

4. Desnieteenstaande die oorwegend positiewe bevindinge, was daar leemtes. Het die SAOU reeds op ‘n proses besluit om “leemtes ” wat uitgewys is, aan te spreek?

Ja, die SAOU se hoogste gesag tussen die driejaarlikse kongresse, die Nasionale Uitvoerende Raad (NUR) het reeds opdrag gegee dat ‘n proses gevolg moet word om te verseker dat die gebreke wat in die verslag van die Regter, sowel as die forensiese ouditeur uitgewys is, voor die einde van die huidige finansiële jaar, 28 Februarie 2019, reggestel moet wees. Die Groep Interne Oudit- en Risikokomitee (IORK) is getaak om die proses te bestuur en deurlopend aan die Nasionale Dagbestuur vorderingsverslae te lewer. Die IORK se voorsitter is onafhanklik en die ouditeur neem ook sitting daarop.

- That all audit reports have been unqualified to date (p67, Main Report).
- That a comprehensive menu of services is delivered to SAOU members (p11, p20 and 68, Main Report).
- All statutory prescriptions in terms of the Labour Relations Act are complied with (p40, Main Report).
- That audits comply with the requirements of "IFRS for SMEs" and there is strict corporate discipline – in fact, more than is required by the Labour Relations Act or the Constitution of the SAOU (p7 and p8, Forensic Report).
- The principles of the King Report on Corporate Governance and Management are applied (p18, Main Report).
- Thorough budgetary processes are followed (p50, Main Report).
- All tax liabilities to SARS are met (p52, General Report).
- The rent paid is market-related and fair (p49 and 67, Main Report and p5, Forensic Report).
- That there is sufficient control and financial discipline in the SAOU (p67, Main Report and p4, Forensic Report)
- Elected members are elected democratically (p68, Main Report).
- That no false and / or fraudulent transactions or abuse of funds have occurred (p4, Forensic Report).
- That all transactions (income and expenses) were correctly recorded (p9, Forensic Report).

4. Despite the generally positive findings, there were areas that need to be addressed. Has the SAOU already decided on a procedure to address such "gaps" that have been pointed out?

Yes, the SAOU's supreme authority between the three-year congresses, the National Executive Council (NEC) has already instructed that a process be followed to ensure that the deficiencies identified in the Judge's report as well as that of the forensic auditor has to be corrected before the end of the current financial year, 28 February 2019. The Group Internal Audit and Risk Committee (IARC) is tasked with managing the process and continuously delivering progress reports to the National Executive Committee. The chairman of the IARC is independent and the auditor is also participating.

5. Watter leemtes moet uit die perspektief van die SAOU aandag geniet?

Die IORK ontmoet die eerste keer op Vrydag, 16 November 2018. Op dieselfde dag ontmoet die Nasionale Dagbestuur en 'n eerste vorderingsverslag sal reeds aldaar dien. Verslag oor vordering ten opsigte van die implementering van die volgende aspekte sal gelewer word:

- Gereelde terugvoering aan lede betreffende finansies (p69, Hoofverslag).
- Die bekoming van 'n tweede opinie insake die Hoof Uitvoerende Beampte se vergoeding (p69, Hoofverslag).
- Die betaling van 'n bonus aan die President (p70, Hoofverslag en p24, Forensiese verslag).
- Die betaling van prestasie bonusse aan ander personeel in die Groep (p4, Forensiese verslag).
- Die posisie van gades wat in dieselfde afdeling saamwerk (p8, Ouditeursverslag).
- Die onderlinge verhaling van ABSA Kontantfokus koste. (p12, Forensiese verslag).

6. Het SAEF se Bestuurskomitee ook die verslag volledig oorweeg?

Die lede van die Bestuurskomitee van die SA Education Foundation (SAEF) het tydens 'n buitengewone vergadering op 14 November 2018 vergader. Kennis is geneem van die volgende positiewe bevindinge:

- Geen aandeelhouerslenings deur en tussen SAEF en TO Strand en SAEF en FINSA is tydelik of permanent afgeskryf nie (p44, Hoofverslag).
- Dat SAEF geen SAOU-fondse buiten waarvoor in die formele same-werkingsooreenkoms voorsiening gemaak word, gebruik nie (p44 en p51, Hoofverslag).
- Die beginsels van die King-verslag word toegepas (p18, Hoofverslag).
- Alle verpligtinge teenoor die SAID word nagekom (p52, Hoofverslag).
- Die huur wat deur SAOU betaal word, is billik en markverwant (p49 en p67, Hoofverslag).
- Indien lede van die SAOU die aard van die verhouding tussen die SAOU en SAEF verstaan het, sou die ondersoek onnodig gewees het (p61, Hoofverslag).
- Daar voldoende kontroles en finansiële dissipline bestaan (p4, Forensiese verslag).

5. What gaps should to be given attention by the SAOU?

The IARC meets for the first time on Friday, 16 November 2018. The National Standing Committee meets on the same day and a first progress report will already serve at that meeting. Report on progress in implementing the following aspects will be delivered:
Regular feedback to members regarding finance (p69, Main Report).

- The acquisition of a second opinion regarding the Chief Executive Officer's remuneration (p69, Main Report).
- Payment of a bonus to the President (p70, Main Report and p24, Forensic Report).
- The payment of performance bonuses to other staff in the Group (p4, Forensic Report).
- The position of spouses who work together in the same section (p8, Auditor's Report).
- The mutual recovery of ABSA Cash Focus costs (p12, Forensic Report).

6. Did the SAEF Management Committee also fully consider the report?

The members of the Management Committee of the SA Education Foundation (SAEF) met during an extraordinary meeting on 14 November 2018. Cognisance has been taken of the following positive findings:

- No shareholder loans by and between SAEF and TO Strand and SAEF and FINSA have been temporarily or permanently written off (p44, Main Report).
- That SAEF does not use any SAOU funds other than provided for in the formal cooperation agreement (p44 and p51, Main Report).
- The principles of the King Report are applied (p18, Main Report).
- All obligations to SARS are met (p52, Main Report).
- The rent paid by SAOU is fair and market-related (p49 and p67, Main Report).
- If members of the SAOU understood the nature of the relationship between SAOU and SAEF, the investigation would have been unnecessary (p61, Main Report).
- There are sufficient controls and financial discipline (p4, Forensic Report).
- There is a clear advantage to sharing administrative and computer infrastructures (p19, Forensic Report).

- Daar is ‘n duidelike voordeel om administratiewe- en rekenaar infrastruktuur te deel (p19, Forensiese verslag).

7. Daar is egter ook leemtes by SAEF en die maatskappye uitgewys. Hoe gaan dit aangespreek word?

Die Bestuurskomitee het ook kennis geneem van leemtes wat bevind is en het opdrag gegee dat dit dringende aandag moet geniet. Daar is besluit dat die Groep Interne Oudit- en Risikokomitee (IORK), soos hierbo aangedui, ook aandag aan die volgende sake voor 28 Februarie 2019 moet verleen en formeel terugvoering gee, nl:

- Die betaling van raads- en sittingsgelde aan personeel (p70, Hoofverslag en p5 en p24 van Forensiese verslag).
- Die berekening van direkteursvergoeding/ fooie by FINSA en TO Strand moet aandag geniet / hersien word (p70, Hoofverslag, en p5, Forensiese verslag).
- Direkteursbesoeke tydens vakansietye aan TO Strand, moet hersien word (p70, Hoofverslag en p27, Forensiese verslag).
- Die vergoedingspakket van die Uitvoerende Beampte moet vir ‘n tweede opinie verwys word (p69, Hoofverslag).
- Die saamwerk van gades in dieselfde afdeling moet vermy word (p8, Forensiese verslag).
- Die laai en goedkeuring van elektroniese bankdienste moet aandag geniet om risiko’s te verminder (p26, Forensiese verslag).
- Alle direkteursvergoeding moet in die geouditeerde finansiële state aangetoon word (p27, Forensiese verslag).

Lede sal deurlopend op hoogte gehou word in verband met die vordering van die implementering van die bevindings soos uitgewys in die verslag. Soos gestel, die doel is om die proses teen 28 Februarie 2019 af te handel.

7. However, gaps were also pointed out at SAEF and the companies. How will these be addressed?

The Management Committee also noted the gaps found and instructed that they should receive urgent attention. It was decided that the Group Internal Audit and Risk Committee (IARC), as indicated above, should also pay attention to the following matters before 28 February 2019 and provide formal feedback, namely:

- The payment of board and attendance fees to staff (p70, Main Report and p5 and p24 of Forensic Report).
- The calculation of directors' remuneration / fees at FINSA and TO Strand must be attended to / reviewed (p70, Main Report, and p5, Forensic Report).
- Directors’ visits during vacation times to TO Strand, must be reviewed (p70, Main Report and p27, Forensic Report).
- The remuneration package of the Executive Officer must be referred for a second opinion (p69, Main Report).
- Spouses working in the same section must be avoided (p8, Forensic Report).
- The loading and approval of electronic banking services should be addressed to reduce risks (p26, Forensic Report).
- All directors' fees must be reflected in the audited financial statements (p27, Forensic Report).

Members will be kept up to date on the progress regarding implementing the findings as outlined in the report. As stated, the goal is to complete the process by 28 February 2019.